Votum

Neem ons in beskerming, o God;

ons soek skuiling by U.

Ons behoort aan U,

daar is vir ons niks goeds nie

behalwe by U.

Here, U is ons lewe, U sorg vir ons.

Wat ons ontvang, kom alles van U af.

'n Pragtige deel is vir ons afgemeet,

ja, wat ons ontvang het,

is vir ons mooi.

U leer ons hoe om te lewe.

By U is daar oorvloedige blydskap.

Uit u hand kom net wat mooi is.

(n.a.v. Ps 16)

Seëngroet

P&W

My Pa is die Koning

Al sou die vyeboom

Offergawes/Gebed

Above All

In die stad van Koning Dawid

Somerkersfees

This is my desire

Wet

O God,

in u oneindige wese lê al die skatte van wysheid en waarheid en heiligheid opgesluit. Laat die deugde van ‘n Christelike karakter in my siel vorm aanneem deur my voortdurende gemeenskap met U:

- die gawe van ‘n dankbare en tevrede hart;
- die gawe om geduldig op u vrede te wat en u onmiddellik te gehoorsaam as U my roep;
- die gawe om moedig deur lyding of gevaar te gaan;
- die gawe om swaarkry te verduur omdat ons vir Christus lewe;
- die gawe om onbevrees op te staan vir wat reg is;
- die gawe van selfdissipline;
- die gawe van eerlikheid teen elke prys;

- die gawe om ander te behandel soos ek behandel wil word;
- die gawe van sagmoedigheid, sodat ek ander nie te gou sal oordeel nie;
- die gawe van beheersdheid, sodat ek nie te gou sal praat nie;
- die gawe van vergifnis teenoor almal wat my veronreg het;
- die gawe van begrip vir hulle wat swakker is;
- die gawe van verlange dat U hierdie gebed sál verhoor.

Amen

Genadeverkondiging

Hebreërs 10

12 ...Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring
en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. 13Nou wag
Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. 14Deur die

één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak.

15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy:

16 "Dit is die verbond

wat Ek met hulle

na daardie dae sal sluit,

sê die Here.

Ek sal hulle my wette

in die hart gee,

in hulle verstand

sal Ek dit skrywe."

17 Dan sê Hy verder:

"Aan hulle sondes

en hulle oortredings

sal Ek nooit meer dink nie."

[18]Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.

Laat ons met vrymoedigheid na God gaan

[19]Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, [20]en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. [23]Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.

Skriflesing: ***Markus 13:1-8***

1 ¶ Toe Jesus van die tempel af weggaan, sê een van sy dissipels vir Hom: "Here, kyk watter geweldige klippe en watter geweldige geboue!"

2 Jesus sê vir hom: "Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word."

3 Jesus het op die Olyfberg gaan sit, regoor die tempel. Toe hulle alleen was, vra Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas vir Hom:

4 "Sê vir ons, wanneer sal dit gebeur en wat sal die teken wees van wanneer dit alles voleindig gaan word?"

5 Jesus sê toe vir hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie.

6 Daar sal baie onder my Naam kom en sê: `Dit is ek!' en hulle sal baie mense mislei.

7 "En wanneer julle die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor, moet julle nie verskrik wees nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie.

8 Want die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander. Daar sal aardbewings op baie plekke voorkom. Daar sal hongersnode wees. Hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

9 "En julle moet teen julleself op julle hoede wees. Mense sal julle aan die geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal julle geslaan word, en voor goewerneurs en konings sal julle oor My teregstaan. Dit sal 'n getuienis voor hulle wees.

10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.

11 Wanneer hulle julle gryp om julle oor te lewer, moet julle julle nie vooruit bekommer oor wat julle sal sê

nie, maar julle moet praat soos dit op daardie oomblik aan julle gegee sal word, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees.

12 Die een broer sal die ander oorlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind. Kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak.

13 Ja, julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word."

Prediking: Hulpmiddel: dumbell. Wys dumbell. Vra iemand om te kom help. *Wat is dit dié?* Gewig/dumbell. *Wat maak mens daarmee?* Oefen. *Wys my gou, asb. Gaan jou spiere môre groter wees? Nee – hoekom nie?* Moet meer oefen. *Wys my. Sjoe, is jy nou moeg? Kom ek help jou! Sal jou spiere nou môre groter wees? Nee, mens moet self oefen. Jou spiere moet SééR geoefen wees om te kan groei. NO*

PAIN, NO GAIN!

Kom ek vertel julle van nog iemand wat bereid was om deur pyn te gaan, omdat daar vir hom so baie was om te *GAIN*. (Verduidelik eers gou wat beteken *GAIN*).

Athene, Griekeland, is op 'n vlugtelingsroete geleë. Miljoene vlugtelinge van regoor die wêreld soek 'n nuwe holte vir hulle voet in Athene. Dit is mense wat uit hul geboortelande gedryf word deur geweld en verdrukking. Hulle soek 'n plek waar hulle 'n nuwe lewe kan begin.

In Mei 2006 vertel 'n sendeling in Athene, Kallie Skaife, die verhaal van 'n Iranse vlugteling, bekend as "M".

Alles wat M geken het, is in 2003 verwoes deur 'n aardbewing in Iran wat 7.45 op die Richterskaal gemeet het. Hy is geteister deur die vraag waarom iets soos hierdie kon gebeur. M het by familie in Afganistan gaan woon, is getroud en met 'n dogter geseën. Hy was steeds vol vertwyfeling.

In 'n volgende stap verlaat M sy familie, reis weswaarts, en eindig in Athene, waar hy by ander familie gaan woon. Hoewel hy en sy familie almal Moslems was, raak M geïnteresseerd in die Christelike geloof. Op 'n vreemde manier voel hy aangetrokke tot die kruise wat die Grieks-Ortodokse kerke versier. M ontvang 'n Bybel en begin dit te lees. Aangesien sy familie heftig daarteen gekant is, gebruik M 'n klein flitsliggie om gedurende die nag te lees terwyl sy ooms en tantes slaap.

Hy bestudeer die Bybel vir twee jaar. Uiteindelik weet M God roep hom om sy vertroue op Jesus Christus te plaas. Hy kontak die bedieningsentrum vir vlugtelinge, bely sy geloof in Jesus Christus en vra om deel van die kerk te word.

Op Sondag, 7 Mei 2006, stel M sy wekker vir 06:00. Hy wil die dag met Bybellees en gebed begin, aangesien hy later daardie oggend saam met ander Iranse vlugtelinge gedoop sou word. Maar 'n neef van M het sy plan vooraf ontdek. Nog voordat M se wekker kon afgaan, het die neef klaar water in 'n pot gekook en gooi die kokende water oor sy bobene uit. Ook

'n arm word liederlik verbrand.

Daardie oggend sukkel M desondanks sy pyn na sy doopgeleentheid toe. Met die brandmerke op sy arm duidelik sigbaar, sê M vir die gemeente: "Wat hulle ook al aan my doen, ek het Jesus lief. Ek volg Hom."

Die gestalte van die toekoms: Markus 13 is ‘n teks vir alle tye, omdat dit die patroon van die toekoms uitspel. Jesus verduidelik dat die pad wat God met sy volgelinge en sy wêreld gaan stap die vorm van 'n kruis het. Die gebeure van die toekoms word beslissend beïnvloed deur die kruis en opstanding van Jesus.

Jesus bied toegang tot die regering van God: Markus 13:1 vertel dat Jesus "van die tempel af weggaan." Die werkwoord en Griekse sinskonstruksie dui daarop dat Jesus hier ***'n breuk met die tempeldiens*** maak:

Hierdie breuk is betekenisvol. Die tempel is gesien as die

ontmoetingspunt tussen God en God se mense. Jesus draai sy rug op die tempel. Daarmee neem Jesus self die rol op as konneksiepunt tussen God en mens. Die koninkryk werk nou deur Jesus. Hy gaan sit op die Olyfberg en leer sy dissipels dat ***die waarheid in "my Naam" geken sal word***.

Die tempel is nie nodig nie. Jesus self beliggaam nou God se teenwoordigheid, God se koningskap, en God se goeie nuus in die wêreld.

Die gevaar van misleiding: Jesus leer die dissipels om versigtig te wees vir misleiding oor Jesus self. Mense sal onder Jesus se Naam kom, hulleself as 'n messias voordoen, en mense mislei.

Hierdie misleiding kan mense wees wat voorgee dat hulle Jesus self is. 'n Beter verklaring is mense wat voorgee dat hulleself, ***of hulle waardes en sisteme***, die redding vir die wêreld is. Mense kan Jesus naboots, in Jesus se Naam optree, en beloftes maak wat net Jesus kan maak.

Voorbeelde van misleiding: Die wêreld se geskiedenis is besaai met mense (waaronder Christene) wat self die koninkryk van God waar wou maak. Dit is idealistiese mense wat voorgee hulle stelsel sal hemel op aarde laat aanbreek. Voorbeelde hiervan is kommunisme, Marxisme en kapitalisme, "Christelike Nasionalisme". Die vrye mark, die rente- en repokoers, beleggingsopbrengste en markomstandighede is vir baie mense die messias wat hulle toekoms stempel, en waaraan hulle hul hoop verbind.

Die versoeking lê in die feit dat die Christelike geloof verlossing belooft. Ons kan maklik die belofte van verlossing koppel aan dit wat ons op aarde hoopvol maak en ons laat dink dis hoe 'n beter toekoms gaan aanbreek.

Johannes Calvyn is bekend vir die waarskuwing dat mense letterlik van enigiets 'n misleidende afgod kan maak.

Gefokus op Jesus: Hoe bly mens die ware Jesus

herken? Die ware Jesus is die Jesus van die Skrifte. Alle voorstellings van 'n messias moet getoets word teen die Jesus wat uit die Skrifte so helder vir ons uitstraal.

Een van die grootste gevare is dat ons kan dink ons het Jesus uitgesorteer. Ons weet alles van Jesus. Ons weet hoe sy koninkryk werk en ons weet hoe Hy aanmekaarsteek. Dit maak ons weerloos teenoor misleiding. Dit maak ons immuun teen die waarheid en volle impak van God se genadige handelinge in Jesus tot heil van ons wêreld.

Rampe en oorloë: Enersyds waarsku Jesus sy volgeling dus dat die toekoms die gevaar van misleiding inhou.

Tweedens is die ***toekoms die ruimte vir rampe en ellende***. Daar sal lyding wees. Daar sal gerugte van en rumoer van oorloë wees. Koninkryke en nasies sal teen mekaar te staan kom. Aardbewings en hongersnode sal plaasvind (4-6).

Hierdie dinge is tekens. 'n Teken is nie die finale werklikheid self nie, maar wys heen na iets anders. 'n Verkeersman wat sy oop handpalm op 'n uitgestrekte arm na jou wys, is 'n teken dat jy moet stilhou. Lentebloeisels is 'n teken dat die winter verby is.

Rampe, oorloë, aardbewings en hongersnode is 'n teken dat die ou wêreld verbygaan en dat 'n nuwe wêreld aan die kom is!

Geboortepyne: Al die rampe en ellende mag die indruk wek die skepping is besig om te sterwe. Jesus keer die betekenis van die "pyne" om. "Dit is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd."

Jesus se lyding en sterwe was die voorspel tot sy opwekking uit die dood. Die hamerhoue aan die kruis, sy laaste krete, sy laaste asemteug, die vloei van sy bloed en sy lewelose liggaam kon lyk na 'n verskriklike dood. Sy begrafnis skep die indruk dat die einde van sy pad bereik is.

Tog was dit nie die einde nie. Dit was die begin. Sy gebreekte liggaam word uit die dood opgetel en verheerlik, sy graf word oopgemaak. Sy lyding en sterwe was geboortepyne van God se nuwe tyd.

Só lyk 'n toekoms wat gevorm word deur die werklikheid van Jesus se kruis en opstanding. Die toekoms het die gestalte van 'n kruis. Ook vir gelowiges sal dit nie maklik wees nie. Maar deur die lydingspad kom daar nuwe geboorte.

Gelowiges kyk met ander oë na die wêreld: Daarom kyk ons nuus op die TV en lees koerant met 'n diep hoop. God skep uit die gebreekte wêreld op 'n wonderbaarlike wyse 'n nuwe wêreld. Die eerste stukkie nuwe wêreld is die verheerlikte nuwe lewe waarmee Jesus uit die graf opgetel is. Jesus is die eerste skepping en die belofte dat God se geboorteproses met die hele wêreld onkeerbaar aangeskakel is.

Nuus is vir gelowiges nie net die siniese, harde nuus van

skeptiese joernaliste nie. Nuus is nie net die gekonkel van korrupte politici nie. Nuus is veral die beweging van die lewende Here Jesus in die wêreld wat sy kerk deur sy Woord en Gees lei en voortgaan om sy wêreld te rig op sy heerlike toekoms. Nuus is vir Christene die eerste lentebloeisels van duisende dade van geregtigheid, liefde en deernis wat dikwels ongemerk rondom ons afspeel.

Ruimte vir persoonlike getuienis: Ja, gelowiges sal dit ook swaar hê in die geskiedenis wat die vorm van 'n kruis het. Hulle sal aan geregshoewe oorgelewer word, in sinagoges geslaan en oor Jesus voor maghebbers teregstaan (9-10).

Hierdie vervolging skep egter die ruimte om van Jesus te getuig. Ons hoef net verantwoordelikheid te neem om getrou te bly aan Jesus. Wat om te doen, selfs ons getrouheid in krisisse, sal aan ons gegee word. Gelowiges moet trouens nie bekommerd wees wat om te sê nie. Die Heilige Gees sal dit aan ons gee.

Bemoedig deur die Heilige Gees: Ja, die Gees getuig saam met ons gees dat die waarheid in Christus geleë is. Hierdie getuienis sal reg oor die wêreld versprei (10). Die Gees bemagtig die Gees ons om hiervan te getuig.

Gelowige reaksie: Getraumatiseerd deur 'n aardbewing en soekend na waarheid, het M in 2006 in Atene die Here Jesus gevind. Beter gesê: Jesus het hom gevind. Hoe ook al, sy woorde op 7 Mei 2006 getuig van iemand wat die vorm van die geskiedenis verstaan: "Wat hulle ook al aan my doen, ek het Jesus lief. Ek volg Hom."

GEBED

Slotlied: ***My life is in You, Lord***

Seën